


# Kontak EQ4Kids

info@eq4kids.co.za



Vir jou naaste Franchise, besoek
www.eq4kids.co.za/contact of
skandeer die QR kode

Vir meer inligting besoek
www.eq4kids.co.za



# EQ4Kids®

EMOSIONELE INTELLIGENSIE ONTWIKKELINGSPROGRAM
VIR KINDERS 3-18



## Hoekom is emosies belangrik?



Emosies bepaal
leervermoë,
besluitneming,
kreatiwiteit,
verhoudings
& gesondheid

EQ4Kids® in association with Lynette Beer

# Pret met Persoonlikhede

EQ4Kids het 'n uitstekende model wat ouers en onderwysers help om te verstaan dat elke kind 'n unieke temperament en persoonlikheid het.




Vir meer inligting oor temperamente & persoonlikheidstipes besoek **www.eq4kids.co.za**



# EQ4Kids Direkteure

Lynette Beer & Antoinette Steyn het hul kreatiewe denke saamgesnoer om EQ4Kids te ontwikkel

in samewerking met Lynette Beer



## Lynette Beer

Lynette Beer was een van 4 direkteure in 'n internasionale groep van maatskappye. Sy het 'n hoogssuksesvolle gedragsmodel ontwikkel wat die maatskappy se omset bykans verdriedubbel het. Sy is die eienaar van Seeds of Inspiration en mede-eienaar van EQ4Kids. Lynette is 'n gereelde medewerker vir Finesse tydskrif en skrywer van verskeie boeke. Sy bied inspirerende praatjies aan oor die radio en op TV. Sy bied wêredlwyd werkswinkels aan oor temas met betrekking tot vehoudings, emosies en die 4 Temperamente.



## Antoinette Steyn

Antoinette Steyn het 'n graad in Sielkunde en verskeie ander kwalifikasies op die gebied. Sy het 'n unieke benadering tot intervensie deur spel en gedragsanalise wat hierdie produk uniek en uitstekend maak. Antoinette se kennis met betrekking tot gedragspatrone en haar voortgesette navorsing op die tema, dra by tot haar aanvraag as motiveringsspreker, aanbieder van ouerbegeleiding opleidingsprogramme en beradingsdienste.

# Emosies in die klaskamer

Meta-analitiese navorsing wys dat studente met 'n hoër emosionele intelligensie uitstekende beheer het oor hul gedrag, fokus en vermoë om hulself te kalmeer. Hulle kom goed oor die weg met ander, het beter leervaardighede en vaar goed op akademiese gebied. Hoër emosionele intelligensie help ook kinders om boelies en groepsdruk te kan hanteer.



# Emosies & Konflik



Emosionele Intelligensie (EI) programme leer kinders nie net om emosies soos woede, teleurstelling en verleentheid te hanteer nie, maar ook om hierdie emosies uit te druk. Deur hierdie vaardighede leer kinders hoe om emosies op 'n positiewe manier te hanteer, sonder om hulself of ander seer te maak.

**EQ4Kids moedig empatie aan & help kinders om gesonde maniere vir probleemoplossings te ontwikkel.**





# Persoonlikheidstipes

**Die boek kan as 'n fondsinsamelingsprojek vir jou skool gebruik word**




## Beskikbaar in Engels & Afrikaans



**Propvol wenke en advies om slaggate te vermy wanneer jy met elke persoonlikheidstipe werk.**




**Ons boek, "Pret met Persoonlikhede" help ouers en onderwysers om die basiese persoonlikheidstipes te identifiseer, leer jou hoe om situasies te hanteer en hoe om elkeen se UNIEKHEID te waardeer.**

## 4 Maak EQ4Kids deel van jou skool kurrikulum

EQ4Kids bied aan jou skool die geleentheid om nie net 'n verskil in 'n kind se lewe te maak nie, maar ook om 'n positiewe impak op die gemeenskap te hê. Ons doelwit is om hierdie program deel van elke skool se kurrikulum te maak, en om alle kinders die vermoë te gee om emosies te kan identifiseer & beheer sodat hulle uitsonderlike volwassenes eendag kan wees!

# Hoe werk dit?

**Die skool voeg EQ4Kids se fooie by die maandelikse skoolfonds sodat die ouers slegs een fooi aan die skool oorbetaal.**

**'n Gekwalifiseerde fasiliteerder besoek die skool gedurende skoolure en bied 30 min lesse aan vir elke ouderdomsgroep.**

**Die skool betaal maandeliks 'n bedrag oor aan Eq4Kids volgens die aantal kinders in die skool.**

**Elke kind ontvang 'n "saamneem-produk" en 'n ouerbrief na elke les.**



## Onderwysers word meer bewus van kinders se emosionele-ontwikkeling & temperamente!



# Emosies vir gesondheide & sukses

Vinnige, impulsiewe reaksies op emosionele snellers kan verhoed dat kinders en onderwysers die beste resultate binne en buite die klaskamer kry. Die EQ4Kids program is so ontwerp om kinders te help om emosionele self-beheer toe te pas en om effektief in moeilike situasies te reageer deur hulle lewensvaardighede te leer soos aksie en reaksie, waardes, en goeie gewoontes wat oefening en gesond eet, insluit.





**Emosies is belangrik vir almal, maar veral vir kinders. Hoe ons voel beïnvloed ons leervermoë, besluitneming, hoe ons ander hanteer & ons algehele welstand.**



# Emosies & die alledaagse

Die kapasiteit om meer in beheer te wees van jou gedagtes en emosies berei jou voor om elke dag se uitdagings aan te pak. Die eerste 7 jaar is uiters belangrik vir 'n kind se emosionele intelligensie ontwikkeling. Dit is 'n sleutelfaktor om 'n gelukkige, veerkragtige en goed aangepaste kind te hê wat uiteindelik 'n suksesvolle volwassene sal wees.

# Unieke EI ontwikkelings-program vir kinders

Die EQ4Kids program is soortgelyk aan die "RULER" emosionele intelligensie ontwikkelingsprogram wat in skole in die VSA gebruik word. Studies het getoon dat kinders wat deel was van EI ontwikkelingsprogramme beter vaar in sosiale en emosionele situasies vir die res van hul lewens.

Wat EQ4Kids uniek maak is dat daar 'n klomp aktiwiteite in die lesse ingesluit is wat ook ander lewensvaardighede bevorder.

## Vier maniere om betrokke te raak





### 1 As 'n buitemuurse aktwiteit by die skool

EQ4Kids gebruik verskillende pret speletjies en aktwiteite om 'n blywende indruk op kinders te laat.

Die EQ4Kids program fokus op kinders tussen 3 en 6 jaar en word weekliks in halfuurklasse aangebied. Na elke les kry elke kind 'n "saamneem-produk" en 'n ouerbrief wat ouers leiding gee om dit wat die kinders in die les geleer het, verder te ontwikkel.



## Laer- en Hoërskool Werkswinkels

EQ4Kids bied werkswinkels aan wat kinders en tieners toerus om noodsaaklike lewensvaardighede te ontwikkel. Die werkswinkels sal leerders toerus met die nodige EI vaardighede om verskeie situasies in die lewe te kan hanteer. Elke deelnemer ontvang 'n "Pret Joernaal". Die werkswinkels word aangebied deur 'n opgeleide EQ4Kids EI Afrigter. Dit kan as 'n 5-dag werkswinkel (halfuur per dag) of as 'n voldag werkswinkel aangebied word. Gewilde temas:

**EI vir Leierskap | Afknouery | Ontdek EI**
**EI en doelwitte | Konflikbestuur**



### 2 Tema-spesifieke aktwiteit vir die hele

Behalwe vir die weeklikse lesse bied ons ook instappies aan wat die hele skool insluit.
Ons kan enige tema aanbied wat jy voel van belang is vir die skool.
Van die gewildste temas is:
Afknouery, Goeie Vriendskap, Spanwerk, Goeie Gewoontes

### Werkswinkels vir ouers & onderwysers 3

Ekstra ondersteuning vir ouers en onderwysers deur werkswinkels wat in die aand aangebied word.

Die temas wissel na gelang van behoefte, maar sal altyd 'n element van emosionele intelligensie ontwikkeling bevat. Dit word gefasiliteer deur Lynette Beer & Antoinette Steyn.

### Temas sluit in:

**Persoonlikheids Matrix**
**Vensters tot jou Persoonlikheid**
**Drome vs Doelwitte**
**Die Vrae**
**Delayed Gratification**
**Emosies & Emosionele Tale**
**Selfversoring & Geestelike Welstand**